Geloofsfamilie
Vaalpark NG Kerk

# Gebedsbulletin
# No. 25 van 2025

## 22 Junie 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Laat die regte afdrukke agter

Ons almal laat afdrukke agter. Meestal is dit ons vingerafdrukke. Ons laat egter meer as sulke fisiese afdrukke agter. Ons laat ook herinnerings as afdrukke agter. Soms is sulke afdrukke pynlik. Iewers langs die lewenspad het ons ander mense seergemaak of goor behandel. Soms weet ons dit, maar soms ook nie. Hoe dit ook al sy, sover dit van ons afhang, moet ons dinge weer gaan regmaak. Die Here vra dit van ons. Om afgebrande brûe te herbou, is altyd die regte ding om te doen. Dan vervang ons verkeerde afdrukke met die regte soort.

Genadiglik laat ons ook derduisende goeie afdrukke op ander mense agter. Sonder dat ons dit besef, het 'n vriendelike woord of 'n klein daad van hulp op die regte tyd ander mense se laste sommer baie ligter gemaak. Ander kere was dit net ons daar wees vir hulle, wat die wêreldse verskil gemaak het. Of 'n gebed. Of 'n vriendelike woord. Dit is presies die regte afdrukke. Dit is die regte impak, wat die Here van ons vra. Goddank dat sulke afdrukke ook ons lewe kenmerk. Kom ons spesialiseer vandag hierin. Kom ons maak doelbewus die regte afdrukke wanneer ons met ander mense te doen het. Kom ons behandel hulle met die liefde van die Here.

Kom ons wees geduldig en vriendelik. Kom ons wees belangstellend en gasvry. Kom ons tel iewers 'n swaar las van iemand se skouers af. Kom ons help iemand anders wat finansieel swaar kry. Wie weet hoeveel sulke afdrukke verkry dalk ewigheidswaarde in ander se lewens.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Hannah Bylsma
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Juanita Rossouw
Marelize Harrison
Marcel Holtzhausen
Bradley Bam
Natasha Stolz
Hennie Coetzee
Thys van Tonder
Baba Elliana Kotzé
Oom Thys van Tonder
Hennie Coetzee
Natasha Stols
Judy Roux
Oom Monty Pienaar

***Dink in gebed aan : Tannie Marie van der Merwe & familie met die afsterwe van oom Hercules***

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







### Gedagte vir die week




Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in